

26 Junie 2 Tessalonisense 2:1-17 (1933-vert.)

Afval van die ware godsdiens ook een van die tekens van die tye

Die Here Jesus het in sy profetiese rede (Matt 24:4, 5, 11) reeds aangekondig dat daar in die geskiedenis van die kerk baie dwaalleraars en valse profete sal kom en baie mense sal mislei. Die Griekse woord wat in vers 3 gebruik word en met "afval" vertaal word, beteken die prysgee van Christelike oortuigings. Dit beteken nou nie dat die ware gelowiges afvallig sal word en verlore gaan nie. Die Here Jesus se heerlike belofte in Joh. 10:28 staan vas en seker: "...en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie". Dit geld dus alleen van diegene wat slegs in naam aan die kerk behoort. Uit hierdie kringe sal die antichriste en dwaalleraars kom wat die mense sal verlei om die waarheid prys te gee en die leuen te glo. Paulus verklaar in vers 10(b) dat die groot afval by uitstek tot openbaring sal kom in die feit dat "hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie". En dan sal God se geduld ook uiteindelik "opraak" en sal Hy aan hulle die krag van die dwalinge stuur om die leuen te glo.

Dit beteken dat God Satan sal toelaat om beheer te kry oor die ongelowige mens wat homself verhard. Hierdie voorspellings van dwaling en afval in die kerk, deur die eeue heen, is alreeds in die tyd van die apostels bewaarheid en kom vandag tot openbaring in ontelbare vorme van skyngodsdiens, verdraaiing en verkragting van Bybelse waarhede, misleiding en leuen-godsdiens.

Watter plek het die ware diens aan die Drie-enige God in u en my hart en lewe? Is daar ware liefde en dankbaarheid teenoor God vir sy liefde en genade wat Hy aan ons betoon het in en deur Jesus Christus, ons Verlosser en Saligmaker? Ondersoek u hart en lewe, u getroue dienswerk as lidmaat van sy Kerk, u meelewing en betrokkenheid, u bydraes en offergawes - die hele spektrum van ware Christenskap. Ons gaan die eindtyd tegemoet! Ons staan midde in die "groot afval" wat die komste van die Antichris voorafgaan. Maar Jesus Christus, ons Koning, is ook op pad!

Sing: Psalm 40:2, 3Ds. K. van Niekerk (Pretoria-Wonderboom-Suid)